**RAPPORT**

29 September 1992
F van Zyl Slabbert

Het Suid-Afrika die maatskaplike sement om 'n gemeenskaplike samelewing te bou? Sommige se : "Ekonomiese werklikhede gaan ons saamdwing in 'n teensinnige, pragmatiese saamleef." Ander se : "dit wat ons uitmekaar trek, is sterker as dit wat ons saambind; botsende nasionlismes, etniese-konflik, rassevooroordeel kan nie oorbrug of versoen word nie."

Daar is elemente van waarheid in beide standpunte. Ons oenskynlike, onversoenbare saambestaan van die hede, gaan nie maklik besweer word met versugtende kreungeluidjies oor 'nasiebou', 'nasionale eenheid' en ''n kultuur van toleransie' nie. So nou en dan kyk ons in die donkerkant van ons toekoms in : Boiphatong, Bisho, Ellispark-met-'n-lied-en-'n-vlag, treingeweld ensomeer, ensomeer. Politieke leiers teken vredesverdrae terwyl hulle stormtroepe onverpoos mekaar letterlik afslag; hulle praat versoening en pleeg onverdraagsaamheid. 'n Valse politieke kattekoor sing lustig saam oor 'vrede-voorspoed-en-veiligheid'. Maar dan weer is daar vlietende oomblikke van helderheid, gebare van grootmoedigheid en begrip - van links en van regs - en begin mens wonder : Miskien? miskien?

Ons is tog nie die enigste land met hierdie probleme nie - al praat ons somtyds so. Indonesie, Nigeria, Yugoslavia, Maleisie, Lebanon : Oorgangsgeweld, stamgevegte, nasionalistiese uitbieery, ekonomiese ongelykheid en diskriminasie - dis nie 'n Suid-Afrikaanse skepping nie. Hierdie land, nes ons, is bekyk en bestudeer en kennis dui daarop dat sommige hierdie probleme kan oorbrug en ander nie. Daar is foute wat ons kan vermy en ons kanse op oorlewing versterk. Ja, gesamentlike oorlewing - want eintlik het ons geen ander opsie nie.

Die ding met enige sement, ook maatskaplike sement, is dat dit eers gemaak moet word, voordat daarmee gebou kan word. In ons land, soos in ander dergelyke lande is daar drie soorte sement wat daagliks geproduseer word, en afhangende van watter soort die meeste gebruik word, gaan ons toekomstige samelewingstruktuur gebou word.

Die een sement is die houding : "Ons is almal anders en het niks in gemeen nie." Op groepsvlak lei dit tot 'n gees van "eksklusiewe onverdraagsaamheid". In Suid-Afrika was dit vir +- 40 jaar die amptelike ideologie en met hierdie maatskaplike sement het ons instellings gebou, planne van stapel gestuur en politieke strukture gevorm wat ons apartheid en anderheid beklemtoon het. In ons gesinslewe, opvoeding en onderwys, kerke

en maatskaplike samesyn het ons grense getrek om mekaar van mekaar af weg te hou. Dit is alles gerasionaliseer in terme van 'n lewensopvatting dat vanwee kultuur-historiese verskille dit 'n beginsel en prakties onmoontlik is dat ons in 'n gedeelde sameleweing met gedeelde instellings kan leef. Wette is op die Wetboek gesit wat tot in die fynste besonderheid van daaglikse interaksie : seks, huwelik, vryetyd, godsdiens en werk gedwonge skeiding bestendig het. Nou onlangs, het dit tot die maghebber deurgedring dat dit 'n fundamentele teenstrydigheid is om aan te dring dat mense inherent so verskillend is dat jy selfs wette nodig het om hulle daarvan te oortuig.

Die ander sement is die houding : "ons is almal so eenders dat daar geen verskille tussen ons is nie." Op groepsvlak lei dit tot 'n gees van 'inklusiewe onverdraagsaamheid." Van af 1917 tot en met die val van Gorbachev was verpligte gelykheid die amptelike ideologie van die Soviet Unie. Almal was kamerade, werkers, lede van dieselfde klas met net een beleid, party en staats-struktuur. Met hierdie houding is ook gesinne gebou, skole opgerig, openbare lewe gereguleer. Ook maar onlangs het die ironie begin deurdring tot die maghebbers dat as ons almal dan so eenders is, hoef hulle nie te keer dat ons gaan anders wees nie.

Omvattende navorsing het getoon dat in diep verdeelde samelewings soos ook Suid-Afrika, waar die dominante ideologie of een van eksklusiewe nasionalisme, of verpligte gelykheid is, m.a.w. onverdraagsaamheid van inklusiewe of eksklusiewe aard, daar nie 'n kat se kans is om konflik te besleg nie, of om vreedsame naasbestaan te bevorder nie. 'n Dominante minderheid wat regeer met 'n eksklusiewe nasionalisme word die sentrale bron van samelewings konflik, of die land Suid-Afrika, Ruanda Burundi of Israel is. 'n Dominante minderheid wat regeer met inklusiewe onverdraagsaamheid soos Kommunisme, Pan-Afrikanisme, Pan-Arabisme genereer middelvlietende kragte wat uiteindelik die lande uitmekaar skeur. Hoe anders moet 'n mens die herleefde nasionalisme van Oos-Europa begryp? Trouens in verdeelde samelewings teer ideologiee van eksklusiewe en inklusiewe onverdraagsaamheid op mekaar. Daar was elemente van inklusiewe onverdraagsaamheid in die nie-rassige filosofie van die ANC/SAKP Alliansie wat 'n direkte reaksie is op die rassistiese eksklusiewe onverdraagsaamheid van die Apartheid regering.

Dan is daar 'n derde sement, dit is die houding wat se : "Ten spyte van ons verskille, het ons sake in gemeen; ons soeke na eenheid is 'n erkenning van ons diversiteit. Op groepsvlak lei dit tot 'n gees van inklusiewe verdraagsaamheid, of sinkritiestiese nasionalisme/patriotisme. Met so 'n amptelike ideologie word daar doelbewus ruimte gebou vir vrywillige kulturele autonomie op gesins-, gemeenskaps- en opvoedkundige terrein, sonder om afbreuk te maak aan ekonomiese en politieke interafhanklikheid.

Die enigste rede waarom dit sin maak om die oorspronklike vraag te vra : "Het Suid-Afrika die maatskaplike sement om 'n gemeenskaplike samelewing te bou?", is omdat daar die afgelope twee jaar meer van hierdie derde sement geproduseer is, as sedert 1652. Die NP se amptelike ideologie het beweeg vanaf eksklusiewe

onverdraagsaamheid na inklusiewe verdraagsaamheid en word weerspieel in die reels vir party lidmaatskap. Hierdie verskuiwing le ten grondslag van die verskille tussen die KP en die nuwe Afrikaner Volksunie. Die ANC/SAKP in talle uitsprake, veral rondom taal, kultuur, onderwys en Godsdiens het geskuif van 'n amptelike ideologie van inklusiewe onverdraagsaamheid na inklusiewe verdraagsaamheid.

Dus die antwoord is : Ja, daar is nou meer sement as tevore, maar die bouwerk bly maar traag. Miskien is dit omdat daar nog te veel geboue is met die ou sement wat die plek volstaan, waar nuwe bouwerk moet kom. Dink maar aan die staatsdiens, die belangrikste verdele van rykdom in 'n moderne staat. Daar sal gebou moet word aan skole, hospitale, woonbeurtes en in die werkplek.

Ten laaste, 'n vragie aan die sementmakers : Die dominees, onderwysers, kultuurleiers, ideoloe en koerantredakteurs, m.a.w. die opinie leiers en houdingsvormers : Watse sement produseer julle vir die nuwe Suid-Afrika?